

# Nomades Nuusbrief

... Augustus 2012 ...

*Goeiedag alle Stappers. Dankie aan Christie Blignaut vir die volledige stapverslag, ons waardeer dit baie.*

## Augustus Maand Roete terugvoer - Kaapchehoop - 3 nagte.

Donderdagmiddag daag die stappers stuk-stuk in Kaapsche Hoop op. Ons verwyf die middag deur die pragtige klein dorpie met sy sinkhuisies te verken. Koek 'n Pan se pannekoek kry groot aftrek.

Die Kaapsche Hoop-hut is in die tipiese sinkhuisie-styl van die dorpie gebou. Dit bestaan uit 'n kombuisie met 'n koolstofie en twee slaapkamers weerskante, toegerus met vier stapelbeddens elk, elkeen met 'n stort en toilet. Die hut is verder baie basies sonder enige speëls of hake vir klere in die stort. Ons stook self die donkie vir warm water. Die onderdak braaiplek het 'n vuurput waarom daar die aand lekker gekuier word.


Vrydagoggend val ons in die pad vir die eerste dag se stap. Marius, Hans, Christo, Wilna, Paul en Christie doen die rugsak-stap en Norma en Cornea die basiskamp-stap. Sommer dadelik tref ons 'n klim tussen die rotse deur wat, hoewel kort, 'n paar uitdagings aan ons stel. Bo gekom stap ons tussen rotsformasies wat soos dobbelstene gestrooi lê, deur. Ons sien op 'n afstand van die wilde perde. By 'n bankie rus ons 'n bietjie. Ons stap verder redelik gelyk al op die eskarp met vergesigte van die plantasies onder ons. By *Adam's Calendar*, 'n interessante groep klippe wat aan 'n klein Stonehenge herinner, stop ons weer. Hier draai die dagstappers weg van die rugsakstappers af om 'n ander roete te volg. Die rugsakroete volg steeds die eskarp. Ons kom op die fraaiste piepklein helder oranje-en-rooi vetplantjies af. By 'n stroompie water wat skoon lyk, hervul sommiges hulle waterbottels na Rudi van die dorp se versekering die vorige dag dat die water op die pad drinkbaar is. Middagete bring ons tot in 'n denneplantasie met die geruis van die dennenaalde in die koel windjie. Na middagete volg die roete 'n ruk lank in die son die bosboupaadjies. Die roete daal later af na links in die natuurlike woud in. Die omgewing is plantryk en rotsagtig. Ons kom bome teë waarvan die wortels soos kant teen die rotswande gesprei lê. Ons lê 'n ruk lank in die skadu en drink die skoonheid in. Ons klim verder en vind 'n bordjie wat belowe dat dit nog net veertig minute se stap tot by Florence Hill-hut is. Ons loop deur die grasvlakte oor die plato. Die laaste ent tot by die hut is deur 'n denneplantasie. Ons daag ongeveer 16h00 by die hut op. Ons kry 'n sms van Norma

wat lees dat hulle ook pas by Kaapsche Hoop-hut opgedaag het en gedaan is. Hulle het die pad vir 'n ruk byster geraak toe hulle die voetjies verloor het.

Florence Hill-hut is baie gerieflik met 'n kombuis, drie slaapkamers (twee met twee enkelbeddens elk en die derde met drie stapelbeddens) en 'n badkamer met 'n bad. Niemand sien kans vir die bad wat net koue water het nie. Almal stort in die aparte buitestort wat hake vir klere en 'n spieël het. 'n Werker, Richard, stook die donkie en bring genoeg vuurmaakhout vir die braaikaggel op die stoep. Die lieflike stoep het genoeg tafels en sitplek. Die uitsig vanaf die hooggeleë heuwel oor die plantasies is pragtig. Ons kan die aand ons glasie wyn uit 'n glas wynglas drink. Die kombuis is goed toegerus met blikborde, -bekers, eetgerei en wynglase. Daar is ook 'n keteltjie en potte. Skoon drinkwater word in 'n waterkan voorsien. Christo

oefen sy gholfs-waai met stokke wat hy in die huisie vind.

Saterdagoggend loop ons aanvanklik afdraand voordat ons in die plantasie 'n paar skotige steiltetjies tref. Die weer is lekker en dit is gladnie koud nie. Marius sê dat hy vars en fris voel en stap flink vooruit. Hans verseker hom dat die gevoel gou sal oorwaai. Drie hardlopers hardloop by ons verby. Na die aanvanklike styging loop ons taamlik gelyk op die rand




van die kloof met natuurlike woud aan ons linkerkant en aangeplante woud van hoofsaaklik dennebome, maar plek-plek ook bloekombome, aan ons regterkant. Die kaart dui 'n tafeltjie en sitplek op die roete aan. Ons begin egter vermoed dat ons die tafeltjie misgeloop het en drink tee en koffie in 'n oop kolletjie, net om minute later die tafeltjie met sitplek teë te kom. Die rusplekkie is goed gekies. Dit bied 'n pragtige uitsig oor die kloof. In die verte kan ons Florence Hill sien en kry ons 'n idee van hoe ver ons reeds gevorder het. Die pad lei ons af in 'n indrukwekkende rotsskeur wat nou begin en algaande verwyd. Na die skeur loop die pad 'n ent deur die plantasie en daarna teen 'n stewige steilte uit in 'n bosboupad. 'n Kort stap deur die plantasie bring ons op die plato. Ons loop in die warm son oor rotsplate wat na die sagtheid van die dennenaalde hard en ongemaklik onder die voete is. Ons kan die Ngodwana papierfabriek met sy dam ver voor ons sien. Die stukkie pad bied nie veel belonings nie.

Ons eet middagete onder die dennebome aan die kant van die pad. Na middagete plas ons deur die modderigheid van 'n klein stroompie en stap verder in die son. Die koelte van die plantasie bied welkome lafenis met die sagte geknars van dennenaalde onder ons voete. By 'n poeletjie water reg by die paadjie staan 'n paar wilde perde en water drink. Ons kruis die teerpad en loop verder deur die plantasie totdat ons in die grondpad kom. Die rivier vloei onder die brug van die grondpad deur. Die roete draai uit die grondpad na regs af. Ons klim dadelik skerp en word met 'n wonderwêreld wat bo ons lê, begroet. Ons bevind ons in 'n natuurlike bos met mosbegroeide rotse en fyn wilde blommietjies wat in die smal paadjie langs die riviertjie groei. Die klim is moeilik en steil met baie gladde rotse. Ons moet kophou om nie te gly nie, want die plantegroei, wat nie baie stewig is nie, bied die enigste vashouplek. Die idilliese omgewing maak elke moeisame treëtjie die moeite werd. Na ongeveer 'n uur se klim waarin ons ongeveer 180 meter styg, is ons uit die woud. Ons moet vir oulaas 'n kort entjie tussen die rotse deur klim voordat ons op die grondpad kom wat ons na 'n halfuur se stap tot by Barrett's Coaches bring. Ons is almal moeg. Elkeen kies dadelik 'n kajuit en gaan rus op 'n slaapbank. Ons hoor later van die dagstappers dat hulle die dag ook vanaf Kaapsche Hoop-hut na Barrett's Coaches en terug gestap het. 'n Dorpshond het hulle die hele pad vergesel.

Barrett's Coaches se akkommodasie is nie so gerieflik soos ons vorige slaapplekke nie. Die kajuite in die twee treinwaens is klein en die slaapbanke smal. Gelukkig is die treine nie vol nie en hoef ons nie kajuite met ander stappers te deel nie. Die storte en ook die braaiplek is eenkant losstaande. Hier het ons elektrisiteit. By die onderdak braaiplek is ook 'n muurprop. Soos ook die ander aande is daar volop hout. Ons kuier lekker op die breë ingeboude banke. Marius kry nie vuurhoutjies nie en Hans sorg vir 'n oomblik van konsternasie by ons ander toe hy Marius se gasstofie blitsig oor die vuur se vlamme aansteek. Tot ons verbasing is daar geen ontploffing nie. Die geheim, sê Hans, lê daarin dat jy dit vinnig moet doen. Later deel Hans nog wysheid met ons – intelligensie is nie wat 'n mens weet nie; dit is wat jy doen as jy nie weet nie. Ons herkou aan hierdie stukkie insig.

In die nag begin die wind erg waai. Ons word Sondagoggend wakker met die geloei van die wind om die hoeke van die treinwa. Die koue slaan ons in die gesig toe ons buite kom. Elkeen pak die laaste dag se stap aan geklee in al die warm klere wat hy by hom het. Ons besluit om met die korter roete van ongeveer 10 km terug te loop na Kaapsche Hoop. Ons stap met die grondpad langs. Die dennebome in die plantasies weerskante van ons kraak in die wind. Die roete draai na links in die grasveld in. Ons verloor vir die eerste keer op die stap kortstondig in die lang gras die voetjies. Die res van die roete is baie goed gemerk. Die paadjie is vir 'n klein entjie nie goed uitgetrap nie. Die stap is baie gelyk, waarvoor ons na die vorige dag se laaste steil klim dankbaar is. Links van ons lê die Laeveldse heuwels in die verte. Die dennenaalde lê dik en sag. Ons kom vir oulaas van die perde teë. In die klein begraafplaas net buite die dorp is daar talle ou ongemerkte grafte, net met klippe toegepak - die stille getuie van onbekende lewens wat eens geleef was. 'n Hekkie deur 'n doringdraad lei ons die dorpie binne. 'n Swart hond sit met sy neus in die wind voor 'n ratelende sinkmotorhuisdeur. Ons loop deur die dorpie se stofstrate verby 'n huisie met pampoene op die dak.

'n Fout wat met die lees van die kaart gemaak is, bring ons teen 10h00 al by ons bestemming. Norma en Cornea is by die hut. Hulle het teen stap besluit toe die wind so waai. Ons drink iets warmes. Christo en Wilna is na 'n vinnige stort haastig om by die huis te kom. Die res sluit die naweek af met middagete in die plaaslike pub waar 'n kaggelvuur in die hoek knetter.



Die algemene gevoel is dat dit 'n redelike gemaklike stap was met hier en daar 'n matige steilte wat net op drie plekke 'n taamlike uitdaging aan die stapper gestel het. Die lang ente gelyk pad was ook taamlik vermoeiend. Na 'n naweek in die buiteland is ons almal egter weer reg vir die stad. *Christie Blygnaut 2012/08.*

## WEBTUISTE

Die jaarprogram van 2012 is opgedateer met die laaste veranderings aan die roetes gestap en die mense wat saamgestap het. Die laaste beskikbare 2013 voorlopige program is ook gelaai. Wees asb geduldig met ons, die meeste van die 2013 moet nog bespreek word en daar is nog 'n klein kans dat ons van die roetes sal moet verander, maar ons sal u inlig sodra alles bevestig is.

Op die LEDELYS deel van die webtuiste het ek die ledestatus opgedateer, die 2012 lede is nou aangedui EN ek het begin om julle FOTOS by te voeg, dit sal sekerlik nog 'n tydjie duur voordat ek van elkeen 'n billike foto het. As jy werklik nie van jou foto hou nie of dit is nie op die webtuiste nie, stuur asb vir my 'n foto en ek sal dit verwerk om in te pas. BAIE dankie solank vir u samewerking. sien [www.nomades.co.za](http://www.nomades.co.za) en kies Ledelys. Onthou die kodewoord is ons vorige voorsitter se naam met die eerste 'H' 'n hoofletter.

## Jaarafsluiting

Ons jaar afsluiting sal vanjaar in die vorm van 'n bring en braai wees by my werkplek in Rubenstein Rylaan 909, Moreletapark. Daar is 'n lekker lapa en twee swembaddens beskikbaar. Ons sal nader aan die tyd net reël of vra vir mense om te help om bv braaiers, bykosse en dalk 'n ekstra tafel of twee te bring. Daar is heelwat parkering en dan ook genoeg afdak as dit dalk sou reën, sal ons kan voortgaan.

## Nuttige Telefoon nommers

Hans het ook vir ons die volgende noodkontak nommers van die Bergklub van SA gegee wat sal kan help om jou uit te kry en hulp te kry in 'n noodgeval op 'n stap. Stoor dit gerus op jou selfoon, veral as jy in bergagtige area stap met min of geen ontsnaproetes. 074 125 1385, 074 163 3952, 011 315 0203. Dankie Hans, ons hoop ons hoef dit nooit te gebruik nie.

Onthou gerus ook Magalies Voetslaan se streeksaand elke laaste Dinsdag aand van die maand by Tukkies. Sien gerus [www.magalieshiking.co.za](http://www.magalieshiking.co.za)

Groete en sien julle binnekort op 'n volgende stap.

## ***Marius Stander***

ms@itt.za.com

Nomades Voetslaanklub

Finansies, Nuusbrief en Webmeester.

***WWW.NOMADES.CO.ZA***